Oordenking
21 Junie 2017

Die Heilige Gees - vrug van die Gees, *deur Gabrielle Wright*
Matteus 7:15-20 sê, "as op vir die vals profete. Hulle kom na julle toe in skaapsklere, maar in werklikheid is hulle verskeurende wolwe. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. Kry 'n mens dan druiwe aan doringstruike of vye aan dissels? Elke goeie boom dra tog goeie vrugte, maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. 'n Goeie boom kan tog nie slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom nie goeie vrugte nie. *Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi."*

Die laaste sin in *italics* klink soos 'n dreigement wat ons motiveer om seker te maak dat ons goeie vrugte dra.
Maar 'n slegte boom kan nie goeie vrugte dra nie. Die vrug wat ons dra is die gevolg van wat ons binne-in ons dra.
Hoe maak ons seker dat ons goeie vrugte dra? Deur Jesus as ons eie Here en Verlosser te volg en die Heilige Gees wat in ons kom woon en ons een met God maak, te aanvaar.

Dit is *nie ons nie*, maar die Heilige Gees in ons wat ons die vrug van die Gees laat dra.

In Paulus se brief aan die Filippense sê hy dat hy vol vertroue is dat "Hy wat die goeie werk in jou begin het, sal dit ook in jou voltooi tot op die dag van Christus Jesus."
Terwyl ons die lewensreis saam met die Heilige Gees aanpak, word ons meer en meer heilig gemaak deur die Heilige Gees, word ons al hoe minder soos die wêreld en word ons meer en meer afgesonder net vir God.
Soos dit alles verloop sal ons die vrug van die Gees meer en meer sigbaar in ons lewens ervaar.

Dit is beter om nader aan God te kom, as om onsself te probeer forseer om vol liefde, vreugde, geduld, vrede, sagmoedigheid, goedheid, getrouheid en selfbeheersing te wees.
Hierdie vrug vorm in ons lewens as gevolg van 'n goeie verhouding met God, die Heilige Gees.